



AFRIFORUM GEMEENSKAPSVEILIGHEID

Veiligheid – Kerke V1.1



Deur

AfriForum Gemeenskapsveiligheid

Januarie 2024

Eerste uitgawe

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

Inleiding	5
Doel	5
Probleemstelling	7
Waarom is kerke kwesbaar?	7
Struktuur van die handleiding	8
Assesseringsinstrument vir kerkbeveiliging	9

INLEIDING

Soos talle ander rolspelers in Suid-Afrika is AfriForum besorgd oor die toenemende voorkoms van misdaad by kerke wat die veiligheid van lidmate bedreig. Die basiese reg op 'n veilige omgewing word hierdeur ondermyn en daar kan nie net onbetrokke toegekyk word hoe die regering en wetstoepassers ongeërg hierteenoor staan nie.

Dit is verstaanbaar dat daar wesenlike ongelukkigheid by die groter gemeenskappe landswyd is oor die toestande by en die toeganklikheid van kerke in die land, maar die oorsaak en oplossing daarvan is al tot vervelens toe bespreek en daarom is dit nie die doel met hierdie handleiding nie.

DOEL

Met hierdie handleiding wil AfriForum kerke bemagtig om proaktief op te tree deur 'n audit te doen van die veiligheid van die kerk en sy lidmate, en deur maatreëls in plek te stel om die veiligheid van lidmate in kerke te verbeter.





PROBLEEMSTELLING

Die voorvalle van misdaad in en by kerke het dit duidelik gemaak dat kerke nie voorbereid is op die moontlike gevare wat hulle in die gesig staar nie. Mense in ons gemeenskappe moet in 'n gesonde en geborge omgewing kan lewe. Hierdie samelewingsvereiste kan nie nagekom word wanneer kerke deur misdaad ontwig of bedreig word nie.

AfriForum glo dat 'n goed voorbereide kerk 'n moeilike teiken vir kriminele elemente is, wat dan eerder hulle misdadige intensies weg van die kerk sal verskuif. Indien hulle wel probeer om 'n kerk te ontwig wat voorbereid is, sal die risiko's en skade tot die minimum beperk word en tydige optrede van stabiliserende elemente sal die situasie vinniger onder beheer kry.

WAAROM IS KERKE KWESBAAR?

In die verlede het die staat sy verantwoordelikheid ten opsigte van die beveiliging van gemeenskappe nagekom en dit was nie nodig vir sekuriteitsmaatskappye of ander instansies om kerke te beveilig nie. Kerkleiers fokus dus

nie noodwendig op die ontleding van risiko's en die daarstel van veiligheidsmaatreëls nie. Dié leemte ten opsigte van beveiliging moet gevolglik dringend hanteer word, aangesien misdaad aan die toeneem is.

STRUKTUUR VAN DIE HANDLEIDING

Die struktuur van hierdie handleiding is daarop gerig om te help om jou kerk se veiligheidsplanne te beoordeel en te verbeter. 'n Kort opsomming word voorsien van die verskillende risiko's wat by kerke geïdentifiseer is. 'n Algemene evalueringsslys bied die geleentheid om op 'n taktiese vlak op meer spesifieke evalueringaspekte van die individuele risiko's te fokus. Die antwoorde op hierdie evalueringaspekte sal jou in staat stel om te bepaal of jou kerk voldoende voorbereid is om die verskillende risiko's te kan hanteer. Indien dit nie die geval is nie, sal die lys duidelik aan jou uitwys in watter areas jou kerkbeveiliging opgeskerp moet word.

Opsomming van risiko's

Hierdie handleiding maak voorsiening vir die volgende risiko's:

- Algemene inbraak
- Gewapende roof
- Voertuigdiefstal
- Mediese insident
- Brandstigting
- Ontvoering

Inbraake, brande en mediese insidente is risiko's wat redelik algemeen in enige kerk in die land kan plaasvind, terwyl die ander risiko's meer van plaaslike omstandighede afhanklik is. Voertuigdiefstal en gewapende rowe vind ook ongelukkig al hoe meer algemeen plaas waar kerke en hulle lidmate direk betrokke is, hoewel die daadwerklike misdad nie altyd op die kerk se terrein plaasvind nie. Hierdie handleiding bied gevolglik riglyne sodat kerke, hulle personeel en hulle lidmate op hierdie soort risiko's voorbereid kan wees.



	Veiligheidsaspek	Ja	Nee	Opmerkings	Voorneme	Intern
	Intern					
1	Is daar reeds 'n opgedateerde gebeurlikheidsplan/ noodplan vir tye van nood?					
2	Maak die noodplan voorsiening vir alle tipe noodsituasies wat kan ontstaan, bv. tydens 'n gewapende roof of voertuigdiefstal?					
3	Is daar 'n afskrif van die noodplan in elke lokaal of by elke personeelid?					
4	Ken almal, insluitende die lidmate en alle personeel, die inhoud van die noodplan?					
5	Is daar voldoende reaksie van lidmate en personeel indien die noodplan geaktiveer word?					
6	Word verskillende alarms vir verskillende bedreigingsinsidente gebruik?					
7	Is daar voldoende opleiding vir personeel om verskillende noodsituasies te kan hanteer?					
8	Word deure en vensters elke keer gesluit?					
9	Is daar 'n stelsel/prosedure waarmee sleutels veilig beheer kan word?					
10	Is daar 'n register vir alle sleutels wat die lokaal en sleutelnommer aandui?					
11	Word die spaarsleutels veilig gebêre?					
12	Word veiligheidshekke gesluit?					
13	Word ontruimingsplanne gereeld saam met die nooddienste ingeoefen?					
14	Word daar vir interne en eksterne ontruiming voorsiening gemaak?					
15	Is daar reëlins getref om die lidmate rustig te hou sou hulle in die saal of elders bymekaar moet kom?					
16	Is daar 'n kaart van die kerk en die kerkerrein beskikbaar?					
	Infrastruktuur					
17	Bestaan daar geskikte omheinings wat hoog genoeg (sowat 2 meter) is?					
18	Is die toestand van die heinings so dat dit 'n doeltreffende afweermiddel is?					
19	Is moontlike elektriese heinings funksioneel en veilig vir nie-oortreders?					
20	Is daar snags beveiliging soos bv. waghonde op die perseel?					
21	Is daar 'n doeltreffende alarmstelsel?					
22	Kan toegang tot die kerk doeltreffend gemoniteer word?					
23	Is daar afstandbeheerde hekke?					

	Veiligheidsaspek	Ja	Nee	Opmerkings	Voorneme	Intern
24	Is daar diefwering aangebring wat indringers kan uithou?					
25	Is daar doeltreffende veiligheidshukke binne en buite?					
26	Is die alarmstelsel gekoppel aan gewapende reaksie wat vinnig kan reageer?					
27	Is alle slotte effektief?					
28	Is sekuriteitsbeligting aan die buitekant van geboue aangebring?					
29	Word CCTV-kameras gebruik?					
30	Is daar 'n interkom met 'n kamera aan die buitekant van die toegangshek?					
31	Is daar stralebundels ("beams") buite?					
32	Is die buite-alarm aan spreiligte gekoppel?					
33	Kan die omheining gemoniteer word (CCTV)?					
34	Is daar 'n kluis?					
35	Is die kluis versteek en die kluisleutels (indien enige) op 'n veilige plek gebêre?					
36	Is die kerksaal (of 'n ander saal wat gebruik word) groot genoeg om al die lidmate en personeel te akkommodeer?					
37	Is daar voldoende noodhulptoerusting op die perseel?					
	Kommunikasie					
38	Is daar doeltreffende kommunikasie met plaaslike buurtwagte, privaat sekuriteit en die SAPD?					
39	Is daar goeie selfoonopvangs?					
40	Is daar landlyne?					
41	Is daar betroubare alternatiewe kommunikasie, byvoorbeeld tweerigtingradio's?					
42	Is daar 'n woordvoerder wat namens die kerk met die media sal praat?					
43	Is daar 'n lys met die belangrikste noodnommers?					
	Ambulans					
	Brandweer					
	SAPD					
	Metropolisie					
	Privaat sekuriteit					
	Naaste hospitaal					
	Plaaslike buurtwag					
44	Is daar 'n alternatief vir wagte?					
45	Word persone wat afstandbeheertoestelle mag hanteer, gekontroleer?					

	Veiligheidsaspek	Ja	Nee	Opmerkings	Voorneme	Intern
46	Is werknemers betroubaar?					
47	Word slegs plaaslike en gedokumenteerde werknemers aangestel?					
48	Is daar identiteitsfoto's en persoonlike rekords van werknemers?					
49	Word voornemende werknemers se agtergronde nagegaan voordat hulle aangestel word?					
50	Word werknemers met respek behandel?					
51	Is sekuriteitswagte – indien sekuriteitswagte gebruik word – bewus van noodprosedures?					
52	Word noodplanne ingeoefen?					
53	Is die personeel bewus van noodprosedures en hulle rol daarin?					
54	Is (van) die personeel opgelei om noodhulp toe te pas?					
55	Is die personeel opgelei om brande te bestry?					
	Omgewing					
56	Kan 'n misdadiger oor die omheining klim?					
57	Is bome en struike onder skoon gesnoei?					
58	Is daar groot bome teen die heining/muur wat dit maklik maak om oor te klim?					
59	Is daar struik/lang gras teen die buitekant van die muur of heining wat wegkruipplek kan verskaf?					
60	Word heinings/drade gereeld geïnspekteer om vas te stel of dit beskadig/geknip is?					
	Brand					
61	Is daar voldoende 4,5 kg-DCP-brandblussers en -tolle?					
62	Is daar voldoende sandemmers?					
63	Is die brandblussers en tolle duidelik gemerk?					
64	Word die brandblussers en tolle gereeld versien?					
65	Word die personeel opgelei om verskillende tipes brande te hanteer?					

	Veiligheidsaspek	Ja	Nee	Opmerkings	Voorneme	Intern
66	Is daar in die kombuis(e) brandkomeberse, 9 kg-CO2-brandblussers en 4,5 kg-DCP-brandblussers?					
67	Word brandkrane op die kerk se perseel gereeld deur die brandweer getoets?					
68	Is daar voldoende rookverklikkers in die gebou(e)?					
69	Is die noodversamelpunte duidelik gemerk?					
70	Is daar 'n brandontruimingsplan?					
71	Is daar 'n brandontruimingsplan of -kaart in elke lokaal?					
72	Voldoen gasinstallasies aan die SANS 10087-standaard en is hulle gesertifiseer?					
73	Is daar 'n brandalarm?					
	Ontvoering (van toepassing op kerke wat ook gebruik word as 'n skool)					
74	Word leerders geleer om nie met vreemdelinge te gesels nie?					
75	Word leerders geleer om nie 'n saamrygeleentheid van 'n vreemdeling te aanvaar nie?					
76	Loop leerders in groepe in plaas van alleen?					
77	Is daar 'n lêer met onlangse foto's van leerders en personeel om akkurate beskrywings aan die SAPD te kan gee?					
78	Is leerders bewus van die belang van selfone by opsporing?					
79	Word leerders geleer om nie onvanpaste boodskappe vir vreemdelinge aan te stuur nie?					
80	Word voorligting verskaf rakende aksies sou leerders of personeel ontvoer word?					
81	Is personeel ingelig oor die prosedure om 'n ontvoerde of vermiste kind aan te meld en wat die inligting is wat die SAPD in so 'n geval verlang?					

Aantal Ja's

Aantal Nee's

Is julle kerk veilig? Ja Nee

Indien jy twyfel, gebaseer op die assesseringslys, wat is jy van voorneme om te doen?

Wat is jou plan in hooftrekke?

Fokusarea 1:	

Fokusarea 2:	

Fokusarea 3:	

Fokusarea 4:	

Fokusarea 5:	



AfriForum
911



AfriForum
BUURTWAG



AfriForum
TRAUMA